Verwysing: 20200305-5381
Lêernommer: 12/2/8/13
Navrae: A Lundie

Kurrikulum AOO-minuut: DCG 0004/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, VOO- en AOO-koördineerders, Vakadviseurs en Prinsipale van alle gewone openbare skole, spesialebehoefteskole en onafhanklike skole

Onderwerp: Uitnodiging aan Graad 7- tot 12-leerders om deel te neem aan die 2020 WKOD Nelson Mandela Universiteit se Nasionale MathArt-kompetisie

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) het *STEAMAC* as een van sy strategiese prioriteite goedgekeur. Benewens die *STEM*-vakke (Wetenskap, Tegnologie, Ingenieurswese en Wiskunde), sluit hierdie benadering die Kunstevakke, Landbou en Kodering in.

2. Deurlopende navorsing het getoon dat die Kunste 'n positiewe invloed op leerders se prestasie en die ontwikkeling van STEM-vakke het. Die uitgangspunt van die *STEAM*-(*STEM* en *ARTS*) benadering tot onderwys is dat kunsvakke 'n integrerende en transformerende element in onderrig en leer is.

3. Graad 7 tot 12-leerders word in ooreenstemming met die *STEAMAC*-benadering, genooi om aan die WKOD Nelson Mandela Universiteit se Nasionale MathArt-kompetisie deel te neem. Die kompetisie is 'n projek van die *Govan Mbeki Mathematics Development Centre* en 'n vennoot van die WKOD.

4. Vanjaar se tema vir die kompetisie is *My Heelal*. Die MathArt-kompetisie daag leerders uit om 'n oorspronklike kunswerk te skep wat Wiskunde op 'n visuele en kreatiewe manier met die tema verbind. Die fokus is om Wiskunde op 'n kunstige manier aan te bied deur ' 'n tweedimensionele (2D) kunswerk met behulp van Wiskunde te skep.

5. Graad 7- tot 12-leerders van alle WKOD-skole word genooi om aan hierdie geleentheid deel te neem.

6. Die MathArt-kompetisie is bedoel om leerders aan te moedig om kreatief te dink en hulle die geleentheid te gee om Wiskunde op 'n ander manier te verken.

7. Die kombinasie van Wiskunde en Visuele Kuns
   a) bied 'n nuwe benadering wat motivering en skakeling vir leerders en onderwysers in beide Wiskunde en Visuele Kuns verseker;
   b) verryk die leer van Wiskunde en Visuele Kuns op 'n insiggewende manier; en
   c) verbeter kruisdissiplinêre onderrig en leer in ooreenstemming met vaardighede van die 21ste eeu.

8. Aangesien Visuele Kuns deel vorm van die Skeppende Kuns Kurrikulum- en Assesseringsbeleidverklaring, kan onderwysers die kunswerke wat deur Graad 7- tot 9-leerders geskep is as 'n assesseringstaak vir hierdie kompetisie gebruik.

9. Let op die volgende riglyne vir deelname:
   - Die kompetisie is oop vir alle leerders in die Senior Fase en VOO-band: graad 7 tot 12.
   - Alle inskrywings moet voor of op **30 April, 2020** om **17:00 aanlyn** ingedien word. Slegs elektroniese inskrywings word aanvaar. Klik asseblief op die webwerfadres by http://www.mathart.co.za/#
   - Elke leerder mag slegs een inskrywing indien.
   - Leerders kan kies om enige nat en/of droë medium te gebruik, insluitend maar nie beperk nie tot potlode, penne, waterverf, tempera, akriel, kryte, pastel of ink, materiaal wat dikwels nie vir kuns gebruik word nie, klei, hout, papier, ens.
   - Leerders mag slegs 2D kunswerke indien. Reliëfwerk word toegelaat, maar dit mag nie dikker as 2 cm wees nie en alle stukke moet stewig geheg wees.
   - Die 2D inskrywing mag nie kleiner as 'n A4-bladsy (21 x 29 cm) of groter as 'n A2-bladsy (42 x 59 cm) wees nie.
   - Alle inskrywings moet die leerder se oorspronklike kunswerk wees. Geen afskrifte vanaf die internet of ander bronne word aanvaar word nie.
   - Die kunswerk mag nie 'n foto of rekenaargegenereerde grafika wees nie.
   - Kunswerke mag nie outeursregmateriaal, dreigende, beledigende of afbrekende materiaal bevat nie.
   - Alle voorleggings moet deur 'n individuele leerder gedoen word. Geen groepsvoorleggings word toegelaat nie. Daar is geen beperking op die aantal individuele kunswerke wat deur die skool ingedien word nie.
   - Die naam van die leerder of die skool mag nie aan die voorkant van die kunswerk verskyn nie. Die leerder se naam, van, graad en skool moet getik (lettertipe: Arial, lettergrootte: 11) en met 'n kleurlose gomstiffie agterop die kunswerk geplak word (Moet dit asseblief nie vaskram nie.)
   - Leerders moet ook 'n paragraaf oor hul kunswerke skryf deur die volgende vrae te beantwoord:
     a) Watter Wiskunde-onderwerp het jy gebruik om die kunswerk te voltooi? Verduidelik jou antwoord.
     b) Hoe het jy " *My Heelal*" en Wiskunde kreatief met mekaar verbind? Verduidelik jou antwoord.
     c) Dink jy kreatiwiteit kan gebruik word om Wiskunde te onderrig?
   - Die antwoorde op die vrae moet in een paragraaf geskryf of getik wees (50 tot 100 woorde).

10. 'n Uitstalling van die gekose inskrywings sal vanaf 20 Junie tot 04 Julie 2020 by die Nelson Mandela Metropolitan Kunsgalery in Port Elizabeth plaasvind.

11. Die nasionale prysuitdeling vind op 04 Julie 2020 by die Nelson Mandela Metropolitan Kunsgalery in Port Elizabeth plaas.

12. Die WKOD se provinsiale prysuitdeling sal op 27 Augustus 2020 in die Kunstekaap-teater plaasvind. Die werke wat tydens die provinsiale uitstalling uitgestal word, sal die nasionale weninskrywings insluit, sowel as addisionele kunswerke wat deur 'n provinsiale beoordelaarspaneel gekies is.

13. Klik op die volgende skakel of skandeer die VR-kodes vir 'n aanbieding wat gedetailleerde inligting oor die kompetisie bevat:
https://drive.google.com/file/d/1b9gnj11Fkg9xs5-VyUtZQafSYqFWTuBw/view?usp=sharing

14. Besoek die amptelike MathArt-webwerf, http://www.mathart.co.za/#, wat inligting oor die volgende verskaf:
    - Tema
    - Hoe om in te skryf
    - Reëls
    - Geskiedenis/agtergrond van die kompetisie
    - Assesseringsrubriek

15. Vir meer inligting kan onderwysers die vakadviseur vir Skeppende Kunste by hul distrikskantoor kontak. Die kontakbesonderhede van die vakadviseurs vir Skeppende Kunste word hieronder gelys:

Distrik	Vakadviseur	Telefoonnommer	E-posadres
Metro-Noord	Noeline Appel	021 938 3051	Noeleen.Appel@westerncape.gov.za
Metro-Sentraal	Betsie Strydom	021 514 6762	Betsie.Strydom@westerncape.gov.za
Metro-Suid	Natasha Esbach	021 370 2045	Natasha.Esbach@westerncape.gov.za
Metro-Oos	Michelle Petersen	021 900 7016	Michelle.Petersen@westerncape.gov.za
Metro-Oos	Gezania de Jongh	021 900 7009	Gezania.DeJongh@westerncape.gov.za
Weskus	Deon Burger	021 860 1200	Deon.Burger2@westerncape.gov.za
Kaapse Wynland	Cantél Ross	023 348 4618	Cantel.Ross@westerncape.gov.za
Overberg	Margie Clarke	028 214 7349	Margie.Clarke@westerncape.gov.za
Eden en Sentrale Karoo	Phillip Jaftha	044 279 1681	Phillip.Jaftha@westerncape.gov.za
Hoofkantoor	Anina Lundie	021 467 2016	Anina.Lundie@westerncape.gov.za

16. Ons wil graag alle skole aanmoedig om van die geleentheid gebruik te maak om aan hierdie opwindende projek deel te neem.

17. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke onderwysers.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2020-03-11